



Mnr. Jan Dekker besig om die musiek van die Psalms met die hand te set.



Voor die masjien waarmee die reëls gegiet word nadat dit met die hand geset is.

ONS AFRIKAANSE PSALMBOEK

HOE HY GEMAAK IS — EN DEUR WIE

ONS psalmboek is klaar. Wie hom berym het, hoe, waar en wanneer hy berym is, weet ons — danksy die interessante artikels van dr. Dekker en ds. Coetsee wat in *Die Huisgenoot* verskyn het. Maar hoe en deur wie die boek eintlik gemaak is, dit weet ons nie; die „stille hande op die agtergrond” ken ons nie. Dit was 'n buitengewone werk, wat 'n vakman met besondere aanleg vereis het.

By lettersettery met die hand of die masjien, moet altyd die grootste presiesheid en versigtigheid beoefen word; musieksettery vereis dubbele versigtigheid en akkuraatheid. Drukfoute het al baie moeilikheid in die wêreld laat ontstaan en menige onskuldige in die grootste verleentheid gebring; en 'n setfout in 'n psalm kan 'n lelike wanklank in 'n kerk veroorsaak. As 'n mens bedink dat daar vir die eenvoudige koraalmusiek van ons psalms ongeveer tweehonderd verskillende matryse of note-vormpies gebruik word, dan kan 'n mens begryp hoe maklik 'n fout kan insluip en waarom daar deur die setter sowel as deur die reviseur soveel sorg aan die dag gelê moet word.

In vergelyking met die letterkaste vir gewone handsettery, lyk dié vir die psalm-musiek soos speelgoed, so klein is hulle. Die setter het vier sulke klein kassies met kopermatryse voor hom. Aan die onderkant van elke matrys is die note wat hy nodig het, ingegraveer. Soos reeds gesê is daar ongeveer tweehonderd verskillende soorte matryse en van elke soort is daar vyf of ses wat gelyk gebruik kan word en in 'n klein vakkie van die kassie gepak is. Voor die setter egter met die note begin, moet die woorde van die psalm eers op die setmasjien geset word. Dan word die woorde nagesien om moontlike setfoute te verwyder. Die setter neem nou die reël, en omdat elke noot presies bokant die woord moet kom, moet hy dit by elke reël eers haarfyn afmeet. Dan neem hy sy sethaak en begin die note set. Die matryse is van verskillende diktes en om die notebakies of die strepies waarop die note sit, behoorlik te laat aansluit, moet hy dit dikwels met die allerfynste lyntjies, wat eweneens in matryse gegraveer is, aanvul. Die reël wat hier afgedruk word, gee ons 'n begrip van wat hier bedoel word.



Wanneer 'n reël klaar geset is en daar gesorg is dat die note presies bokant die woorde pas, dan word dit gegiet op die masjien, soos gesien kan word aan die eerste reël musiek en woorde van Psalm I wat hier afgedruk is.



Doh. 1.—Wel-sa-lig hy wat op die spoor

Voordat die volgende reël geset kan word, moet die setter eers die matryse van die vorige reël in hul afsonderlike vakkies in die kas terugsit. Maak hy hiermee 'n fout, dan kom daar seker en gewis setfoute in die volgende reël; en as daar 'n verbetering moet gemaak word in die musiek of woorde, al is dit ook hoe gering, dan beteken dit dat die hele reël oorgeset moet word.

Dit duur 'n hele rukkie om een psalm klaar te maak, en elkeen wat klaar is, word netjies op maat in bladsye gemaak en in seksies van tweeen-dertig bladsye na die drukpers gestuur. En ook hier moet meer sorg as by gewone drukwerk beoefen word, omdat die papier van die psalmboek besonder dun is; dit word weerskante gedruk en dit mag nie deurskyn nie. Nadat dit gedruk is, gaan die groot velle na die bindery om gevou en ingebind te word.

Die mooi swart band word met 'n spesiale masjien gemaak en die letters daarop met 'n besondere handpers gedruk.

Die Nasionale Pers het al heelwat musiek gedruk, maar dit moes nog altyd geskryf of geteken en dan in vaste plate gegiet word. Ons psalmboek is dus die eerste musiekwerk wat hier noot vir noot met die hand geset is; en die man wat hierdie presiese werk gedoen het, is mnr. Jan Dekker, wat ons op die foto's hierby, met sy sethaak in die hand voor sy setbok en gietmasjien sien staan.

By gewone werk hoef die setter nie altyd te verstaan wat hy set nie, soms selfs nie eens die taal nie, en hy volg dus dikwels maar net die kopie, „al waai dit ook deur die venster,” soos 'n Skotse drukker gesê het. Maar by hierdie werk is 'n mate van musiekkennis feitlik onontbeerlik. Mnr. Dekker is toevallig self musikus, en hy het dus nie alleen presies geweet wat hy doen nie, maar dit selfs al singende gedoen. Hy speel van sy tiende jaar af al viool en het hom later veral toegelê op die alt-viool. En dis tog 'n wonderlike sameloop van sake dat hy jare gelede op Potchefstroom saam met Totius, die geëerde berymer van die psalmboek, in 'n klein orkes van die Teologiese Skool gespeel het. In Pretoria het hy destyds dikwels in die openbaar opgetree, en in Kaapstad was hy lid van die eertydse Oranje-klub-orke onder leiding van ons bekende en ywerige mnr. Charlie Weich. Hy speel nou nog gereeld twee of drie maal per week die alt-viool in kamerstukke saam met 'n groepie geesdriftige musici in Kaapstad.

Dit is die eerste maal dat 'n werk van die aard en omvang van ons Afrikaanse psalmboek in sy geheel in Suid-Afrika uitgevoer word, en deur die belangrike aandeel wat mnr. Dekker aan die werk gehad het, het hy meegehelp om geskiedenis te maak op die gebied van musiek- en boekdrukkery in ons land.

Maar dit is nie die eerste keer dat Jan Dekker aan die geskiedenismaakery 'n handjie meedoen nie, hoewel dit by die vorige geleentheid enigszins gewelddadig toegegaan en i.p.v. met strelende psalmnote, met die gegons van koeëls en geknal van kartetse gepaard gegaan het. Hy het naamlik slegs twee jaar nadat hy in 1897 uit Holland in Transvaal aangekom en eers 'n tyd lank by die ou *Volksstem* in Pretoria en by die *Echo* op Ermelo gewerk het, by die Boeremagte aangesluit. Hy het aan verskillende veldslae deelgeneem en was saam met genls. Botha en Smuts op die tog na Estcourt tot naby Pietermaritzburg en terug oor Weenen en Colenso. In Junie 1900 is hy gevang en saam met die bekende oom Bach, wat nog so dikwels in *Die Burger* skryf, en andere na Bermuda gestuur, waar hy anderhalf jaar krygsgevangene was. Baie lede van daardie ou garde sal hom nog onthou as posmeester van die krygsgevangenes op Burtseiland.

Na die vrede het mnr. Dekker in Transvaal terug gekom, sonder skoene en met 'n halfkroon in sy sak. Hy het in Pretoria werk gekry in die boekwinkel van Hôveker en Wormser in Kerkstraat, wat juis besig was met die uitgee van genl. De Wet se oorlogsboek „De Strijd Tusschen Boer en Brit.” Later was hy eienaar van 'n drukkerijtjie en een van die oprigters en mede-eienaars van *De Spectator*, die eerste Nasionale weekblad in Transvaal. In 1917 het hy in Kaapstad by die personeel van die Nasionale Pers aangesluit; daarna het hy in verskeie ander drukkerije gewerk, o.a. as hoof van die settery van „Ons Land,” en is die afgelope ses jaar reeds weer aan die Nasionale Pers verbonden, waar hy nou hoofsaaklik besig is met die gereedmaak van boeke en... psalmboeke.

Mnr. Dekker is stil en kalm van geaardheid, en van al die wedervaringe wat hierbo kortliks aangestip is en nog baie ander wat nie gemeld is nie, hoor 'n mens hom maar selde praat. Hy hou van sy pyp en sy musiek en gaan elke Sondagoggend Kerk-toe, waar hy eersdaags met genoeg die nuwe psalmboek in sy hand sal kan hou en na hartelus sy voormalige Hollandse psalms in die taal van sy nuwe vaderland sal kan meesing.

Afrikaanse Psalmboek in gebruik geneem

DIE AFRIKAANSE PSALMBOEK is verlede week deur die Gereformeerde Kerk op Potchefstroom officieel in gebruik geneem. 'n Spesiale diens is vir dié geleentheid gehou en die belangstelling was so groot dat daar nie genoeg sitplek in die kerkgebou was nie.

Dit was 'n plegtige en enige geleentheid, waarby die gevoel van blydschap en dankbaarheid seker nie heeltemal onvermengd was nie, omdat dit altyd swaar is om afskeid te neem van iets wat vir 'n mens dierbaar geword het, veral wanneer dit iets is wat so 'n inherente deel van ons Afrikaanse volkslewe geword het as die Hollandse Psalmboek. Maar hoewel diegene wat al ver gevorder is in jare, met droefheid van die ou Psalmboek sal afskeid neem en die nuwe boek miskien nie vir hulle van dieselfde betekenis sal wees nie, voel hulle seker dat 'n Afrikaanse Psalmboek 'n noodwendigheid geword het, en as 'n mens bedink dat die berymers van die Psalms sowel as die vertalers van die Afrikaanse Bybel ook meestal bejaarde manne is, dan kan 'n mens nie help om die insiklikheid van die ouer geslag en hul begeerte om in die geestelike behoeftes van die jongeres te voorsien, te waardeer nie. Hoe dit sy, die Afrikaanse Psalmboek het sy intrede in ons volkslewe gedoen, en 'n mens kan alleen hoop dat hy onder die opkomende geslagte dieselfde plek sal inneem as wat die Hollandse Psalms onder die vorige geslagte ingeneem het.

By geleentheid van die plegtigheid is daar hulde gebring aan prof. dr. J. D. du Toit en sy medewerkers en tasbare eerbewyse aan hulle toegeken. Aan verskeie persone wat aan die werk deelgeneem het, is prageksemplare van die Psalmboek aangebied.

Die ander Kerke sal ook dergelike dienste hou, maar dit sal eers geskied wanneer die Gesangberyming ook voltooi is en wanneer die werke die goedkeuring van die onderskeie Sinodes van die Gefedereerde Kerke ontvang het. Intussen word die Afrikaanse Psalms al in verskeie gemeentes gesing, en die Afrikaanse Gesange wat reeds klaar is, sal hopelik vroeg aanstaande jaar in 'n hersiene uitgawe van die Nuwe Halleluja ter beskikking wees.